



27 Mei 2020

## OPENING VAN DIE SKOOL NA COVID-19

Graag wil ons aan u kommunikeer rakende die riglyne wat in plek gesit is ten einde die skool veilig te kan bestuur, sodra u kind terugkeer skool toe. Eerstens wil ons u die versekering gee dat die skool deur 'n totale sanitasie-proses gegaan het, gedoen deur 'n buitekontraakteur én 'n sertifikaat ter staving hiervan ontvang is.

U as ouer/voog gaan twee opsies hê:

### OPSIE 1: U KIND KEER TERUG SKOOL TOE:

U kan kies dat u kind terugkeer skool toe, volgens die datums soos deur die Departement van Onderwys bepaal word. Indien u dié keuse uitoefen, sal die onderstaande reëlins vir u kind by die skool geld. U moet asseblief die reëlins met u kind deurgaang, omdat die oortreding van dié reëlins alle ander leerders se lewens in gevaar stel en dus nie geduld sal word nie:

1. Leerders kan slegs terugkeer na die skool indien hulle 'n **masker** dra. Maskers sal vir die totale dag gedra moet word. Maak asseblief seker dat u kind se masker voldoen aan die vereistes vir beskerming.
2. Alle leerders gebruik die **hoofingang**.
3. Ouers moet asseblief leerders by die **onderste hek / dienspad aflaai**, sodat hul self met die dienspad oploop. Slegs personeel sal toegelaat word om op te ry na die boonste hoofingang.
4. By die hoofingang sal leerders deur 'n **sanitasie-stasie** beweeg, waar volledige sanitasie sal plaasvind. 'n Video hiervan is op die skool se facebook-blad geplaas. Die stappe rondom sanitasie is ook op 'n powerpoint-video op die skool se facebook-blad geplaas. Ons vra egter dat leerders betyds by die skool sal arriveer, ten einde deur die hele sanitasie-proses te kan gaan, voordat die skool begin.
5. Die leerder se **temperatuur** word ook dadelik geneem.
6. Dieselfde proses, soos aangedui in nommer 4-5, sal ook aan die einde van die dag plaasvind.
7. Indien daar 'n leerder is wie se **temperatuur bo 38 C** is, sal die leerder na 'n afkoelarea geneem word. Die leerder se temperatuur sal dan 10min later weer geneem word. Indien die temperatuur steeds te hoog is, sal die leerder na 'n isolasie-area geneem word, die ouer sal dadelik geskakel word en die leerder moet onmiddellik gehaal word. Die ouer moet dan binne 24 uur aan die skool die uitslag van 'n Covid 19-toets verskaf, wat bepalend sal wees vir die leerder se terugkeer of nie, tot die skool. Dit is baie belangrik dat die skool op hoogte gehou word van enige moontlike risiko-gevalle, aangesien dit belangrik is om ook ander Wonnies se gesondheid te beskerm.

8. Geen **leerder wat simptome van Covid-19 toon** of in kontak was met iemand wat Covid-19 het, sal tot die skool toegelaat word nie. Die leerder sal eers 'n 14 dae self-isolasie moet deurgaen en dan 'n toets as bewys moet lewer dat die leerder nie positief toets vir Covid-19 nie.
9. **Handsanitasie** sal toegepas word voordat die leerders enige klas betree.
10. **Tafels/oppervlaktes in klasse** sal voortdurend **gereinig** word.
11. **Badkamers** sal twee keer per dag gereinig word. Dit is belangrik dat leerders ook die ablusie-fasiliteit sinvol, maar binne die regulasies, gebruik. Leerders moet asseblief nie in groepe na die badkamer wil gaan of daar vertoef nie. Net 'n sekere hoeveelheid leerders sal toegelaat word, terwyl die res buite die badkamer hul beurt sal moet afwag.
12. Ons beveel ook aan dat leerders hul eie "wetwipes" of reinigingsmiddels saambring, indien hul oppervlaktes/badkamersitplekke ens. wil afvee.
13. **Sosiale afstand** van 1.5 m tussen leerders, moet te alle tye geld. Dit sluit in tydens pouses.
14. Die snopeie sal, tot verdere kennisgewing, net koue items soos koeldrank en skyfies verkoop. Maak dus seker dat u kind self 'n voedsame kospakkie van die huis af saambring.
15. Die **rooster** gaan aangepas word. Leerders sal nuwe roosters ontvang.
16. Aangesien die rooster verander, sal die **skoolure** ook moet aanpas, ten einde alle vakke te kan akkommodeer. Die skoolure sal dus voortaan vanaf 7:25-14:20 wees. Indien hier enige verandering is, sal u betyds ingelig word.
17. As die **skool uitkom** in die middag, moet **leerders onmiddellik gehaal** word. Volgens departementele regulasies mag geen leerder na skool op die terrein wees nie. Indien daar na skool bv. 'n assessering moet plaasvind, sal dit vooraf gekommunikeer word, sodat die nodige toestemming in plek is.
18. **Wisseling** van leerders op die terrein gaan **beperk** word tot spesifieke areas.

**OPSIE 2: U KIND KAN VOORTGAAN MET AANLYNKLASSE (Dit word genoem die "Blended"-model):**

U as ouer kan die opsie uitoefen dat u kind voortgaan met aanlynklasse soos aangebied deur Die Hoërskool Wonderboom. Rakende hierdie opsie gaan daar 'n aparte brief volg, waar u 'n onderneming moet teken waarop u instem tot die volgende:

1. U as ouer/voog neem die verantwoordelikheid om te verseker dat u kind genoegsame internettoegang, data, rekenaars en skanderingsfasiliteite het, ten einde die leerder alle aanlynaktiwiteite te kan doen.
2. U as ouer/voog neem die verantwoordelikheid dat u kind akademies effektief sal werk en dieselfde tempo sal handhaaf as leerders wat terugkeer skool toe en klas ontvang.
3. U as ouer/voog sal die skool betyds laat weet indien u dalk later die keuse wil terugverander, ten einde die skool die geleentheid te bied om te kyk of die leerder wel weer in die huidige skoolrooster kan inpas. Die hoeveelheid leerders wat by die skool is, is bepalend vir die hoeveelheid klasse en personeel wat by die skool sal wees.
4. U as ouer/voog besef dat dit 'n tydelike ooreenkoms is en enige tyd opgehef kan word.
5. U as ouer/voog besef dat assesserings sover as moontlik op *Google Classroom* gaan plaasvind. Dit beteken dat u as ouer/voog die verantwoordelikheid neem vir die assessering om onder gekontroleerde omstandighede plaas te vind, soos dit by die skool sou plaasvind, tydens toets-/eksamenituasies sou plaasvind.

6. U as ouer/voog besef dat sommige formele assessering (bv. Rekordeksamen) egter by die skool sal plaasvind, soos uiteengesit volgens departementele riglyne.

### **ALGEMENE INLIGTING:**

1. **Verdere Assesserings** in vakke is nog nie vir die jaar vasgestel nie. Hier sal beslis aanpassings plaasvind (Graad 8-11). Die Departement van Onderwys sal 'n nuwe assesseringsplan vir elke graad opstel. Daar is egter geen Junie-eksamen nie. Sodra die finale assesseringsplan, vir elke vak, ontvang is, sal die skool die nodige reëlins rakende dié assesserings in plek plaas.
2. **Alle vergaderings/oueraande/opedae/inligtingsaande** kan tans nie voortgaan nie. Die inligting wat op dié vergaderings gedeel sou word, gaan d.m.v. ander media aan u as ouer gekommunikeer word.
3. **Finansies:** Die skool wil verkieslik geen **kontant hanteer** nie. Ons wil u aanmoedig om asseblief op die D6-toepassing te gaan registreer en alle skoolgelde deur die kontantlose beursie te doen of om die gelde by 'n bankteller op die geldlose beursie in te betaal. Indien u skoolgeld met kontant móét betaal, moet die leerder dit voor die skool open in die oggende by die finansiële kantore gaan inbetaal. Indien u enige finansiële uitdagings ervaar, kontak asb. me. M Benninghoff by [invorderaar@wonnies.co.za](mailto:invorderaar@wonnies.co.za).
4. **Geen besoekers** word op die skoolterrein toegelaat, sonder vooraf toestemming vanaf die Departement van Onderwys nie. Indien u, u kind dringend moet **uittaken**, sal die volgende prosedure geld:
  - 4.1 U moet verkieslik voor 8:00 die oggend 'n e-pos stuur na [ontvangs@wonnies.co.za](mailto:ontvangs@wonnies.co.za), waarin u toestemming vra vir die vroeë uitteken van 'n leerder.
  - 4.2 Verskaf u ID-nommer, vir kontrole op die stelsel.
  - 4.3 Die rede vir die uitteken moet aangedui word: Slegs ernstige- en noodsituasies, sal toegestaan word.
  - 4.4 Dui ook die leerder se volle name en klas aan.
  - 4.5 Dui laastens ook die tyd aan wat die leerder gehaal sal word.


U rapporteer dan by die hekwag met u ID-dokument. Die leerder sal 10 min voor die aangewese tyd, uit die klas geroep word en 'n uitteken-kaartjie ontvang. Die leerder sal dan self die kaartjie ingee by die hekwag, wat die inligting kontroleer met u ID-dokument. Die leerder beweeg dan deur die sanitasie-stasie, waarna u die leerder **buite die skoolterrein** ontvang.

By voorbaat dankie aan al ons ouers vir u voortdurende positiewe ondersteuning gedurende hierdie tyd. Die Hoërskool Wonderboom poog werklik om steeds kwaliteit onderrig aan u kind te bied. Kontak ons gerus as daar enige navrae is.

Winnie-groete

  
M. LEZAR  
HOOF

**Integriteit Respek Verantwoordelikh**

  
M. GEER  
ADJUNKHOOF

**jaarheid Erkenning**